Toespraak gelewer deur Distriksapostel Kriel aan alle lidmate op 05 Julie 2020

My liewe broeders en susters,

Ek is dankbaar om u weereens aangaande tersaaklike pastorale en administratiewe aangeleenthede toe te spreek.

Terugkeer na kerk (Slegs op lidmate in Suid-Afrika van toepassing)

Die laaste keer wat ek u toegespreek het, het ek aangekondig dat ons nie na ons kerke sou terugkeer gedurende Junie en Julie 2020 nie. Tesame met julle apostels en opsieners het ek die koers van COVID-19 infeksies en verspreidingstendense in ons area gemonitor.

Die mediese bewyse, vooruitskattingsmodelle en werklikheid in die veld toon volgehoue styging in infeksies in Suid-Afrika, met wesenlike toenames wat nou in die Oos-Kaap- en Gautengstreke ervaar word. Waar daar ‘n verwagting was van ‘n afplatting in die die kurwe vir die Wes-Kaap, blyk dit ook nie te realiseer nie. Ons mediese personeel en fasiliteite bly onder druk.

Gegewe die voorafgaande, en in belang van die daarstel van ‘n veilige omgewing waarin u ‘n godsdiens kan ervaar, het ons besluit om nie na normale kerkdienste in Augustus terug te keer nie. Gedurende Augustus bevind ons onsself nog in die winter en aan die spits van die verkoue- en griepseisoen. Ons sal voortgaan om die situasie te monitor en sal u aan die begin van Augustus op hoogte bring rakende ons voorgestelde planne om na ons kerke terug te keer.

Seksuele Wangedrag

Nou wil ek u aandag vestig op ‘n aangeleentheid wat ons gemeenskap voortdurend teister en wat gedurende die grendeltydperk weer in die kollig

geplaas is. Dit is die kwessie van geslagsgeweld, kindermishandeling en seksuele wangedrag.

Die Nuwe Apostoliese Kerk veroordeel alle vorme van geslagsgebaseerde geweld en mishandeling van kinders!

Ons het ‘n behoefte geïdentifiseer om ons lidmate (insluitend ons kinders) en diensknegte rakende hierdie onderwerp te onderrig en op te lei. In 2018 het ek ‘n Seksuele Wangedrag Werkgroep gestig en beopdrag om ‘n Seksuele Wangedrag Beleidsdokument vir die kerk saam te stel. Die doel van hierdie beleidsdokument is om die kerk se standpunt van geen-verdraagsaamheid te bevestig en om ons gemeenskap behulpsaam te wees in die hantering van sake van seksuele wangedrag.

Ek is gelukkig om verslag te doen dat ons nou na 2 jaar oor ‘n beleid beskik wat ons kerk leiding sal gee in alle sake wat met seksuele wangedrag verband hou. Die beleid dek regs- sowel as pastorale aspekte en voorsien ‘n raamwerk vir die hantering van sake van seksuele wangedrag.

Die uitrolplan van die beleid vereis insette vanaf lidmate. Die beleidsdokument is vir hersiening beskikbaar en kan vanaf ons webtuiste afgelaai word. Ek moedig u aan om die beleidsdokument te bestudeer en indien u enige kommentaar het, dit asseblief na die volgende e-posadres te stuur: smcomments@nac-sa.org.za . Ons verwelkom u insette.

Op distrikapostelarevlak word ek deur ‘n paneel van vier eksterne professionele persone en drie pastorale leiers bygestaan. Hierdie groep is reeds sedert Maart 2020 operasioneel en die resultate van hul werk sal volgens ooreengekome tydsbepalings beskikbaar gestel word. Dit is belangrik dat hierdie sake ‘n mate van onafhanklikheid geniet en dat die pastorale leiers deur opgeleide professionele persone gelei word.

Ons sal met die eerste rondte van geakkrediteerde opleiding begin deur op lidmate wat op Apostelareavlak sal funksioneer te fokus. Hierna sal dit na die verskeie afdelings van die kerk afwentel. Ons is ook opsoek na vaardige indiwidue wat ons op distrik- en gemeentevlak kan bystaan. Indien u oor die vereiste vaardighede beskik, stuur asseblief u besonderhede aan applications@nac-sa.org.za

Slagoffers van seksuele wangedrag deur ‘n lidmaat of dienskneg kan die aangeleentheid by die volgende eposadres rapporteer: reportsm@nac-sa.org.za.

Alle verslae sal vertroulik- en in my kantoor hanteer word.

Easy Pay

Ek het voorheen aangekondig dat ons ‘n kontrak met EasyPay gesluit het, as ‘n fasiliteit waardeur lidmate hul offerande kan inbetaal. Hierdie diens is nou ten volle funksioneel by alle Woolworths, Pick ‘n Pay, Boxer, Makro, Game en Builder’s Warehouse handelaars.

Ons wag nog vir aktivering by Shoprite, Checkers, USave, Pep en Ackermans handelaars.

Ek bedank almal wie volhard om getrou hul offerande te bring.

COVID-19 reaksiegroep

Ons werkgroep verantwoordelik vir die daarstel van protokol rakende die terugkeer na kerkdienste sal ‘n “Terugkeer na kerk” handleiding in die komende dae vrystel. Neem asseblief kennis dat hierdie dokument ingevolge die regulasies van toepassing op vlak 3 inperking voorberei is. Soos regulasies verander sal die dokument aangepas word.

Administratiewe kantore, Kaapstad & Johannesburg

Ons sal begin om na die werksplek terug te keer met sleutelpersoneel in die twee administratiewe kantore vanaf Maandag, 13 Julie 2020.

Sluitingsgedagte

‘n Spesiale woord van dank aan almal!